

Graan SA Oggend Markkommentaar

GRAAN SA GRAIN SA	DATUM	DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE		
	2016/08/23	2016/08/22		2016/08/15		2016/07/25		2015/08/24		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Data	
DJIA-index	18529	-23.15	-0.1%	18553	-0.6%	18636	0.2%	18493	16.7%	15871
Goud (Spot)	1336.74	2.25	0.2%	1334.49	-0.7%	1345.79	1.3%	1319.32	15.7%	1155.17
Brent \$/vat	48.65	-1.57	-3.1%	50.22	1.2%	48.06	8.3%	44.91	12.7%	43.18
1 € / US\$	1.1335	0.004	0.4%	1.1294	1.1%	1.1213	2.9%	1.1012	-0.3%	1.1374
1 US\$ / ZAR	13.51	-0.100	-0.7%	13.61	1.7%	13.28	-5.6%	14.31	2.6%	13.17
Corn	R 1,771.09	-18	-1.0%	R 1,789.56	*CBOT Corn Sept cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Corn Sept 12:00 the previous day					
Wheat	R 2,060.09	-75	-3.5%	R 2,135.35	* CBOT Wheat Sept cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Sept 12:00 the previous day					
Soybeans	R 5,137.82	2	0.0%	R 5,135.84	* CBOT Soy Sept cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Sept 12:00 the previous day					
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)										
Corn Sept 16	333.00	-1.00	-0.3%	334.00	2%	326.50	-1%	334.75	-16%	395.50
Wheat Sept 16	415.00	-12.00	-2.8%	427.00	-2%	422.00	-3%	429.00	-21%	526.75
Soybeans Sept 16	1035.00	8.00	0.8%	1027.00	1%	1023.75	5%	983.75	19%	870.75
Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne)										
SORGHUM Jul 16	3435.00	0.00	0.0%	3435.00	0.0%	3435	-3.2%	3550		NA
WMAZ Spot	4264.00	-33.00	-0.8%	4297.00	4.0%	4101	-0.4%	4280	40.4%	3038
WMAZ Sep 16	4279.00	-40.00	-0.9%	4319.00	4.0%	4114	-0.9%	4317	41.5%	3024
YMAZ Spot	3187.00	26.00	0.8%	3161.00	3.0%	3093	-2.6%	3271	17.5%	2712
YMAZ Sep 16	3190.00	12.00	0.4%	3178.00	2.1%	3123	-3.7%	3311	18.1%	2702
SOY Spot	6499.00	147.00	2.3%	6352.00	1.7%	6391	-4.6%	6811	29.3%	5025
SOY Sep 16	6470.00	99.00	1.6%	6371.00	0.7%	6425	-5.8%	6870	29.4%	5000
SUN Spot	5893.00	-7.00	-0.1%	5900.00	1.6%	5799	2.1%	5769	9.3%	5393
SUN Sep 16	5920.00	-10.00	-0.2%	5930.00	1.4%	5841	1.5%	5831	4.5%	5666
WHEAT Spot	4293.00	3.00	0.1%	4290.00	5.5%	4068	-2.9%	4420	1.4%	4232
WHEAT Dec 16	4262.00	-11.00	-0.3%	4273.00	4.0%	4098	-3.2%	4403	2.5%	4159

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Mark: Die rand verhandel vanoggend rondom R13.51 teenoor die dollar. Dit is effe sterker as die R13.61/\$ gister-middag 12:00. Een van die hoof dryfvere agter die rand se beweging is die onsekerheid oor die VSA se Federale Reserve Bank se rentekoers aankondiging. Volgens verklaring is daar steeds 'n moontlikheid dat die Bank die rentekoers kan laat styg. Die dollar versterk dus en plaas druk op die geldeenhe van die ontlukende lande. Die prys van goud en ander metale is ook onder druk met die onsekerhede van die Federal bank se rentekoers besluite. Die Brent Ru olie pryse is ook onder druk en verhandel laer.

Mielies internasionaal: Die CBOT mieliepryse het laer gesluit in gister se verhandelings sessie en het die reeks van 6 dae prys verhogings stop gesit. Reën word voorspel vir die mid-weste van die mielibelt, maar volgens handelaars is daar genoeg grondvog om die mielies deur te vat tot en met strooptyd wat moontlik al middel September in sommige gebiede kan begin. In die nuutste USDA se produksie vorderingsverslag is die kondisie op 75% goed tot uitstekend. Dit is 1% hoër as verlede week se 74% en ook as verlede jaar se 69%. Daar word verwag dat die VSA 'n rekord oes van om en by 384 miljoen ton kan hê. Die kontantmark was redelik stil gister en sommige boere verkoop van die ou oes voorrade om stoorplek te maak vir die nuwe oes wat op pad is. In Argentinië is die aanplantings aan die gang en reën in sekere gebiede is voordelig vir die jong plante. Die landbou beleid is gunstig vir die plant van mielies in Argentinië behoort hierdie seisoen meer mielies te plant. Die laer oliepryse plaas ook druk op die mieliepryse. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het aanvanklik sterk verhandel, maar het later effe stoom verloor en het die dag laer gesluit vir witmielies. Die geelmielie pryse het effe hoër gesluit. Die nuutste in- en uitvoersyfers word vandag bekend gestel terwyl die produsente lewerings môre bekend gestel word. Die nuutste oesskatting word Donderdag bekend gestel.

Sojabone internasionaal: Die CBOT soja's het gister hoër afgesluit na die groter uitvoerverkope en uitvoervragte wat verskeep word. Die daaglikse uitvoerverkope was redelik hoog die afgelope maand vir die nuwe seisoen sojabone met China en onbekende bestemmings die grootste kopers. Die uitvoerverkope het die handelvooruitsigte en die hoeveelhede benodig om by die USDA se jaarlikse vooruitskattings uit te kom oortref. Die kontant aankope in die Golf was hoër nadat dit aansienlik laer was as gevolg van vloede vroeër die maand. Die sojaboon produksie toestande was onveranderd gelaat vanaf verlede week en staan steeds op 72% goed tot uitstekend. Dit is egter steeds hoër as die 63% van verlede jaar hierdie tyd. Die verwagtinge is dat die sojabone ook genoeg grondvog het tot en met strooptyd. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonpryse het sterk opwaarts verhandel in gister se verhandelings. Die plaaslike pryse word ondersteun deur die sterker internasionale pryse en die effe verswakking van die rand.

Koring internasionaal: Die koringmark het skerp laer gesluit, hoofsaaklik die harde rooi winterkoring. Die weeklikse uitvoere is laer as verlede week, maar steeds voldoende om die USDA se projeksies uit te kom. Die grootse kopers is Taiwan en Colombia. Die groot wêreld voorrade hou die internasionale pryse steeds onder druk. Koringproduksie in Romania is sowat 7% hoër as verlede jaar en het 'n 10 jaar hoogtepunt opbrengs bereik. Die lentekoring in die VSA is 65% voltooi. Dit is 19% vinniger as die 5 jaar gemiddeld teen hierdie tyd. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister redelik stadig verhandel en daar was nie groot bewegings in die pryse nie. Die publikasie van die koringtarief in die staatskoerant haal baie onsekerheid uit die mark uit.